# BRAUNVIEH NUUSBRIEF 3-2016/7

## Beoordelaars Konferensie 2017

Let daarop dat daar 'n Braunvieh Beoordelaars Konferensie sal plaasvind op 2 Februarie 2017 om 10:00 te Brandfort (Kobus en Marietjie Bezuidenhout se plaas). Dit behoort om 15:00 klaar te wees.

## Lief en leed

Sampie Rossouw het sy enkel gebreek. Hy is geopereer en sterk tuis aan.

Ons bid vir al die dele van die land wat nog reën nodig het.

## BRIEF VAN DIE REDAKTEUR

Beste Braunvieh Boere

2016 lê as't ware op sy rug! As ons terugkyk, sien ons 'n besondere taai jaar, veral wat die landbou bedryf betref.
Die meeste dele van die land het mildelik reën ontvang en ons hou aan bid vir boere in die dele wat nog nie verligting gekry het nie.
Hierdie uitgawe van die Braunvieh Nuusbrief sluit 2016 af, begin 2017 en sluit ook my tyd as redakteur af. Dit was lekker om al die Braunvieh bedrywighede te kon deel met julle! Mag die nuwe jaar seën inhou vir elke boer! Voorspoed vir elke skou en veiling!

Alles van die beste vir die res van die 2016/2017 somer!

Lekker boer!
Groete
Daleen

# FASE C NOMINASIES 2017

In Nuusbrief 2/2016 het Gawie Naudé verduidelik hoe werk die Fase C kompetisie. Hier volg die kandidate vir die 2017 kompetisie:

HB 150011; C 140016; SWR 150004; SWR 140020; SWR 140023; N 140021; N 140038

Baie geluk aan die telers: Hans Bester en Dogters (Witbek Braunvieh Stoet), Sampie Rossouw (Rossouw's Braunviehs), Andre Reitzma (JC Braunvieh Stoet) en Gawie en Willem Naudé (Eduan Boerdery).

# STAMBOEK: SA BEEF BULLS IS HIER!!

**Stamboek is voortdurend besig om ons dienste en produkte uit te brei in belang van ons lede. Een nuwe opwindende produk is die daarstel van 'n fasiliteit waardeur telers en ander rolspelers maklik toegang kan verkry tot die inligting van vleisbeeste wat by Logix aanteken. Die fasiliteit staan los van die omvattende Logix Webblad wat 'n wye reeks funksionaliteite bied, soos wat u van bewus is.**

**Die nuwe diens word verskaf via 'n interaktiewe Webblad, bekend as SABeefBulls.com.**

**Soos wat dit tans die geval is met die sogenaamde "Bloedhond-funksie" op Logix, sal gebruikers van die fasiliteit in staat wees om enige dier van 'n ras te gaan soek op grond van vooraf opgestelde vereistes. Dit sal meestal geskoei wees op die betrokke gebruiker se doelwitte. Dit word in die nabye toekoms voorsien dat telers ook toegang sal hê tot hulle eie kudde se diere op 'n kollektiewe basis (met ander woorde, bv al jou vroulike diere wat voldoen aan die soektog-vereistes). SABeefBulls is baie meer gebruikersvriendelik as Bloedhond, wat hy vervang en is ook blitsvinnig. Verder bied die nuwe fasiliteit ook volledige toegang tot al die stamboomgegewens met 'n keuse van 'n gekose eienskap waar die BLUP teelwaarde deur die stamboom gevolg kan word. Stambome kan so vêr soos 10 generasies gevolg word.**

**Die doel van die skrywe is in die eerste plek om u bewus te maak van SABeefBulls.com maar ook om aan te dui dat die gegewens van u ras in gesluit gaan word in die fasiliteit, soos dit ook tans met Bloedhond die geval is. Gebruikers sal dus diere op grond van hulle eie minimum-vereiste in die ras kan gaan soek met die oog daarop dat dit inpas by hulle behoeftes vir moontlike teeldiere in hulle eie kuddes. Dit staan natuurlik die eienaar vry om te besluit of hy of sy wel die dier tot die beskikking sal stel vir die betrokke persoon.**

**Planne vir die verdere uitbreiding van SABeefBulls.com sluit ook die koppeling van diere wat aangebied word op veilings en KI bulle in. Later word dit ook voorsien dat gebruikers optimale parings kan uitvoer op grond van die beperking van inteelt en om doelwitte te bereik, soortgelyk aan die dienste wat Stamboek tans vir die Suiwelbedryf bied deur middel van SADairyBulls.com.**

**Indien u en die telers van u ras meer te wete wil kom is u welkom om Drs Bobbie van der Westhuizen of Japie van der Westhuizen te kontak (bobbie@studbook.co.za of japie@studbook.co.za).**

**Stamboek groete**

**DR PIERRE VAN ROOYEN**
**HOOFBESTUURDER**

# 2016 ARC NATIONAL BEEF PERFORMERS AWARDS

2016 has been a year of awards for some of our Braunvieh breeders.

The 2016 Agricultural Research Council (ARC) National Beef Performers Awards Ceremony was held during the annual Jacaranda Agricultural Show in Pretoria. Representatives of the ARC, Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF) as well as sponsors GMP Basic and Farmer's Weekly welcomed role-players form across the beef cattle industry to the Jacaranda city for these awards.

The awards, presented by the National Beef Recording and Improvement Scheme (NBRIS) of the ARC, aims to showcase South Africa's most outstanding achievers, in breeding genetically superior animals by using performance recording as a tool. Speakers emphasised that animal performance recording and continuous evaluation is crucial to success in any animal production system. "We must be knowledgeable and innovative to find solutions to our challengers. Progress has to be be underpinned by research," said Dr Andrew Magadlela of the ARC.

The awards ceremony opened with the **ARC National Best Elite Cow Awards**, sponsored by Farmer's Weekly. A total of 23 exceptional cows from different breeds were highlighted. Cows in this category have to exhibit outstanding reproduction figures and a proven track record in other economically important traits.



**ARC National Best Elite Cow Awards - Eduan Girlie N 06 0015, Gawie Naudé, Eduan Boerdery, Barkly East.**

Three individual awards are some of the highlights at the annual ARC National Beef Performers Awards ceremony. These awards recognise the national young breeder, national small-scale breeder and **the national emerging beef farmer of the year**



**The ARC National Small-scale Breeder of the Year is Braunvieh breeder, Kleinjan Gasekoma**, and the ARC National Young Breeder of the Year is Limousin breeder, Derick le Roux, of Xourel Limousin. From left to right are Ben Greyling, ARC, Joel Mamabola, DAFF, Simphiwe Nini, ARC, Kleinjan Gasekoma, Derick le Roux and Norman Maiwashe, ARC.

# 2016 ARC NATIONAL BEEF PERFORMERS AWARDS

**ARC National Beef Cattle Improvement Herd of the Year Awards ~ Sampie Rossouw (Northern Cape)**

Finalists for the award of ARC National Beef Cattle Improvement Herd of the Year

The finalists for this award were:

- Christo Nowers, Dohne Nguni stud.
- Nick Serfontein, Sernick Bonsmara.
- Jan and Elna Dhooge, D'Hofstee Drakensberger stud.
- Rob Kleinloog, Netherwood Angus.
- Pieter de Kock, Pronk Afrikaners.
- David van der Linde, Geelbos Afrikaners.
- Joggie Briedenhann, Hartebeestloop Bonsmara.
- Johan Styger, BTB Simmentaler.
- Sampie Rossouw, Rossouw's Braunvieh.
- Stefan Terblanche, Fredericksburg Angus.




**ARC National Beef Cattle Improvement Herd of the Year Awards ~ Sampie Rossow (Northern Cape)**

The day was concluded with the judging of the bulls in the **ARC national performance test class**. A total of 16 bulls were judged, following selection based on performance records. One of the aims of this category is to promote the appropriate use of performance data in the showring. This year, a black Angus bull, FG 14 0245, of the Fredericksburg Angus stud based on the L'ormarins Wine Estate in Franschhoek, was the winner.



**ARC National Special Performance Test Class ~ Eduan Jumbo's Pollux (top 3)**

(Extracts from AgriOrbid: "Top beef performers awarded', August 26, 2016)



**BenguFarm™**
now with sister modules for
Sheep, Goats, Pigs and Game

# BenguFarm™ BEEF

## ADVANCED BEEF CATTLE MANAGEMENT SOFTWARE

## Comprehensive herd management programme - covers from mating to marketing

- Equally suitable for both commercial and stud herds
- MS Windows 10 compatible
- Afrikaans, English, Spanish and Portuguese language options
- Install on more than one computer at no additional costs
- Use for more than one herd at no additional costs
- World wide support and training
- User friendly menu, shortcuts and step-by-step Help functions
- Performance data processing according to the SA Stud Book's Beef Scheme
- Support SA Stud Book, ARC, BreedPlan, NSBA's protocol and formats
- Extensive data verification functions
- Easy electronic data sending of all animal registration and performance test data
- Logix Direct functions – easy sending and importing of Logix data
- Import weights from electronic scales
- 50+ standard and user-defined reports
- Stock registers for animals, semen, embryos, vaccines, medicines, etc.
- Backup and restore functions, incl. backup reminders
- Continuous user-driven development
- Easy updating via the internet
- Free BeefCattleTrader module to advertise animals on the internet
- Comprehensive user-defined management calendar and diary
- Sheep, Goats, Game, Pigs and Genetics modules also available - same look and feel.

### Now with Logix Direct communication with SA Stud Book

### Endorsed by 19 SA Breeders' Societies

Afrikaner, Angus, Bonsmara, Boran, Beefmaster, Braunvieh, Charolais, Drakensberger, Gelbvieh, Hereford, Hugenoot, Nguni, Pinzgauer, Red Poll, Santa Gertrudis, Senepol, South Devon, Sussex, Tuli

### Widely used

BenguFarm™ is used by hundreds of commercial and stud beef cattle farmers in 14 countries on 4 continents.

"My pa het my altyd gewaarsku teen die 'boekwerk' van stoetboerdery. **Met BenguFarm™ BEEF is hierdie frustrerende "boekwerk" egter omskep in 'n magtige bestuursprogram.** Ek is seker dat as ek my pa kon wys hoe maklik kuddebestuur nou is, hy sou saamstem dat die **BenguFarm™ BEEF** sagteware seker die handigste stuk gereedskap op enige beesplaas is - stoet en kommersieël."

Mnr Gerrit van Zyl, Hanzyl Bonsmaras, Dewetsdorp
NASIONALE WENNER: LNR-ABSA VLEISBEESKUDDE VAN DIE JAAR 2009 & 2011
& VOERMOL NATIONAL BEEF CATTLE FARMER OF THE YEAR 2012

**BenguFarm™ BEEF** is a module of

**BenguFarm™**
ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE
**BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS**

www.**bengufarm**.co.za

Contact Leslie Bergh: Tel **+27 82 801 2026** Email **leslie.bergh@vodamail.co.za**

# Wat maak Kersfees anders?

## Met die Kersgety agter die rug, en die nuwe jaar wat reeds op dreef is, is dit nie te laat om bietjie terug te dink nie…

Kerstyd is ongetwyfeld elke jaar se hoogtepunt vir die samelewing. Winkelverkope skiet die hoogte in en almal vat die pad iewers heen. Vakansie oorde is besig en elke strand wemel van die mense.

Maar wat van die mense wat nie deel is van hierdie jaarlikse "buzz" nie? Wat van die mense wat moet werk oor Kersgety? Ek dink spesifiek aan boere en hulle plaasmense.

'n Boer het nooit werklik vakansie nie. As hy en sy gesin wel iewers in 'n stil tyd sou wegbreek, bekommer elke boer sy vakansie om en wonder of alles nog klopdisselboom verloop op die plaas: is die beeste se lek gegooi, is die skape vanaand veilig in die kraal, het dit alweer gereën? En so gaan die lysie aan. (Ek onthou hoe sou my pa altyd sy Landbou Weekblad saamgevat het strand toe! Want hy kan dit nie 'n enkele week mis nie!)

Wat beteken dit? Dat ons boere toegewyde mense is, mense wie se werk 'n lewensstyl is, mense wat hulle harte in hulle werk sit! Dit maak my trots! Dit maak my trots om deel te wees van 'n boeregemeenskap wat met ons harte boer. Dan wil ek sommer dankie se vir elke boer wat so getrou arbei – reg deur die jaar!

Wat maak dan Kerstyd anders vir 'n boer? Die feit dat die natuur waarmee hy reeds nou-saamleef, hom net nog nader trek – tot tussen die beeste in die stal, tot by die krip met voer in, onder 'n sterrehemel wat eens die tuiste van die Bethlehem ster was. Ja, tot by die troon van sy Verlosser. Geniet elke Christusfees, al is dit op jou eie plaas. Omvou jou mense met liefde en maak Kerstyd onvergeetlik vir jou geliefdes. Bid saam, droom saam en hoop saam vir die toekoms wat reeds veilig in ons Vader se Hande lê. En moenie net sing van die vrede en vreugde nie – wees jy die vredemaker in jou familie en deel so die ware vreugde uit! Geseënde Christusfees!

## OPDRAG AJV OOR ALTERNATIEWE VIR BRAUNVIEH KANTOOR

Tydens die Algemene Jaarvergadering van die SA Braunvieh Telers Genootskap in 2016 is daar opdrag gegee dat daar na alternatiewe gekyk moet word oor Braunvieh kantoor/administrasie, registrasie owerheid en produksie aantekening.

Na vele onsuksesvolle probeerslae om die taakspan bymekaar te kry, het die raad tydens sy Oktober vergadering besluit om sy ondersoek te doen.

Daar is in November begin met die proses en met twee moontlike diensverskaffers onderhoude gevoer. Die behoefte is gestel dat die Genootskap die bogenoemde funksies benodig afsonderlik en dan ook as ’n geheel (alles in een diens).

Tot op hede is nog geen terugvoer van beide gekry nie, oor dienste en kostes nie. Ons hoop egter om met die volgende raadsvergadering, die 3de Februarie, voorleggings op die vergadering te hê.

## INSTUCTION TO THE AGM TO INVESTIGATE ALTERNATIVE MANAGEMENT OF THE BRAUNVIEH OFFICE

During the AGM of the SA Braunvieh Breeders Association in 2016 instruction was given to investigate alternative options for the office / administration, registration authority and production recording.

After a number of unsuccessful efforts to get the task team together, the council decided during its October meeting to investigate the matter.

In November the process were initiated and two possible service providers were interviewed. The need was highlighted that the Society need the above functions separately and also as a collective service.

To date no feedback is received from any of the potential service providers.

We trust that we will have proposals at our next council meeting on 3 February 2017.

## *SUID-AFRIKAANSE BRAUNVIEHS IN DUITSE ADVERTENSIE*

*Op 9 Desember 2016 is tien van mnr. Ben Mills van die Millbank-stoetery se Braunvieh beeste gebruik in 'n Duitse advertensie. Dit is in Stellenbosch verfilm.*

*Die regisseur van die advertensie sê dat hy dit in een dag kon voltooi, omdat die diere se temperament baie rustig was.*

*Volgens Danie Botha gaan dit op Youtube te sien wees. Ons sien uit daarna!*

**BRAUNVIEH JAARPROGRAM**

**Februarie**
2 Beoordelaars konferensie
3 Raadsvergadering
15 - 17 Riversdal skou
16 - 18 Bielie Mielie Fees

**Maart**
11 Alphine Boeredag
29 - 31 Maart Vryburg skou (100 jarige feesvieringe)

**April**
AJV - datum sal bevestig word
27 April - 7 Mei Bloemskou

**Mei**
1 Exco
1 Elite Bulgroeitoetskompetisie
1 Stamboek Simposium
1 Stamboek Elite Dinee
11 Alphine Veiling
16 - 19 NAMPO
26 Mei - 4 Junie Pietermaritzburg skou
31 SA Stamboek en Genootskap per kapita

**Junie**
1 Stemma Animalia
1 Exco
1 Algemene Stamboek Begrotingsvergadering

**Julie**
26 Vleissentraal Ermelo Veiling

**Augustus**
2 Stamboek Grootvee forum
15 EG Bulveiling
24 - 26 George Skou

**September**
12 - 14 Alfa Skou Parys
13 - 16 Agri Mega Week
14 Barkley Oos Bul veiling

**Oktober**
4 Nasionale veiling

**November**
1 Exco
1 Stemma Animalia
2 Stamboek AJV